VRAE VIR GROEPLEDE: Week van So 18 Apr, 25 Apr, 2 Mei, 9 Mei, 16 Mei en 23 Mei 2010

Lees Job 38:1-18; 39:36-38; 42:1-6: Job oomblikke (So 18 Apr)

Agtergrond oor tema en Skrifgedeeltes

- Die boek Job is deel van die sogenaamde wysheidsboeke (Job, Spreuke, Prediker). Die doel van Job is om God se soewereiniteit en die betekenis van ware geloof te demonstreer. Een van die belangrike vrae wat in die boek na vore kom is die sogenaamde "teodisee vraag". Dit wil sê: Hoekom kry gelowiges/regverdiges swaar op aarde?
- Die skrywer van Job is onbekend, maar dit verwys na gebeure wat in die tyd van die aartsvaders voorgekom het. Die boek is waarskynlik ná die tyd van die ballingskap finaal saamgevoeg (tussen 500-200 vC). Die boek kan waarskynlik in die volgende hoofdele opgedeel word: 1:1-2:13 (Inleiding oor Job se beproewing); 3:1-31:40 (Job en sy drie vriende redeneer met mekaar); 32:1-37:24 (Elihu, 'n vierde vriend antwoord Job); 38:1-42:6 (Gesprek tussen God en Job); 42:7-17 (Slot). Die inleiding en slot is in vertelvorm (prosa) geskryf terwyl die middelste gedeeltes in digterlike vorm (poësie) geskryf is.
- Job ontmoet God in die middel van 'n massiewe krisis. Dit kleur die hele ontmoeting. Job is kwaad vir God. Hy is in opstand teen die beste teologie van sy tyd – soos deur sy vriende aangebied. Hy het egter sy eie teologie: een waarin daar ook, soos by hulle, 'n lynregte verband tussen dade en uitkoms is. As jy goed doen, sal dit noodwendig goeie gevolge vir jou hê; as jy sondig, bring dit noodwendig ellende mee.
- God vat Job na die skepping. Die grootsheid en groot vryheid van die verskynsels in die skepping help Job om te breek met sy meganiese beskouiings van God en die wêreld. Job se ontmoeting met God verander sy hele uitkyk op sy eie lewe en op die manier waarop die wêreld werk en laat hom opstaan uit die as. Hy kry nie maklike antwoorde nie, maar vrede daaroor dat God in beheer is, al kan hy nie alles verstaan nie. Hy is bereid om te leef met vertroue dat God die dinge waaroor hy nie beheer het nie in sy groot hande het.

Moontlike vrae

- Dink na oor die volgende woorde: "Die skepping kan my, soos Job, weer by God uitbring wanneer dit my 'n sin vir proporsie gee: hoe klein ek is en hoe groot God is. Dikwels is 'n gebrekkige sin vir proporsie ons grootste struikelblok by bybelstudie en gebed."
- Job het gedink dat God weg was of dat God hom nie wou antwoord in sy nood nie. Wat leer ons uit Job 38:1-16?
- Wat lê agter die woorde van Job 39:36-38?
- Bespreek die volgende stelling: "Ons as Christene aanbid nie die skepping nie, maar dit Skepper agter alles"
- Ons praat baiekeer so maklik oor dinge wat ons nie werklik begryp nie (42:3). Waar het jy dit die afgelope tyd beleef?
- Wat beteken die woorde van Job 42:5 vir jou?
- Christene wil so maklik antwoorde vir mense in nood gee – somtyds goedkoop antwoorde.
    - Hoekom doen ons dit?
    - Wie se werk is dit om antwoorde te gee.
- Hoe het God vir Job ontmoet?
- Was daar spesiale tye waar jy beleef het dat jy vir God op 'n spesiale manier ontmoet het. Deel dit met die groep.
- Hoe kan julle as groep mekaar help om God beter raak te sien?

Lees 1 Kon 19:1-21: Elia oomblikke (So 25 Apr)

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Elia was 'n doener, maar dikwels 'n impulsiewe doener. Dit is sy grootste bate, maar soms ook sy swakheid. Hy waag dit om vir Agab aan te spreek oor Nabot se wingerd en hy daag die Baälprofete uit. Maar dan kruip hy by Krit weg en vlug vir Isebel. Die Here verskyn aan Elia wanneer hy op die grootste moedelose laagtepunt van sy lewe is. Die inisiatief het hier oorgegaan na God. Elia (met sy vinnige geaardheid) sou eerder die Here in die rukwind of aardbewing of vuur verwag het. Die Here het Homself dikwels in hierdie soort goed geopenbaar, maar dit is nie wat Elia nou nodig het nie. Die Here neem hom so 'n bietjie uit sy gemaksone uit. Wanneer die Here met hom praat, kry hy nie 'n vrypas vir "hospitaaltyd" nie. Hy kry twee groot opdragte. Maar hy ondervind geen moeite om dit uit te voer nie.

Mense werk soos Elia: Na die grootste hoogtepunt val alles plat. Na 'n groot Godservaring gebeur dit dikwels. In die woestyn is dit God wat hom soek. Hy wag nie op die Here nie, hy wag op die dood.

- Verse 1-2: 1 Kon 19 se vertelling staan in sterk kontras met die vorige hoofstuk. Elia wat in hoofstuk 18 vuur uit die hemel afgebid het, gaan kruip vir Esebel (vrou van koning Agab) weg. Isebel was waarskynlik die eintlike mag agter die troon (vgl 1 Kon 21:4-7). Sy was woedend omdat haar Baäl profete doodgemaak is en haar gesag aangetas is. Sy was bang vir die invloed van die profeet Elia en wou weerwraak neem.
- Verse 3-8: Elia se reaksie is tipies van iemand wat aan erge stres of depressie ly. Jy word so fisies en sielkundig uitgeput dat jou oordeel en insig beperk is. Elia doen die volgende: hy vlug weg van die mense wat vir hom omgee (bv sy slaaf); hy gaan alleen die woestyn in ver van mense, water en kos; hy hou op om te eet; hy sien nie meer kans vir die lewe nie; hy gaan lê en slaap. Let wel die eerste opdrag wat die engel vir hom gee is om te eet. Hy moet weer sy fisiese kragte herwin.
- Verse 9-12: Hierdie verse handel oor God se verskyning. Eers praat God met Elia in die nag (v 9) en daarna verskyn God aan hom deur die wind, aardbewing, vuur en stilte. In die OT is daar ander voorbeelde waar God verskyn in 'n sterk wind en aardbewing (vgl Eks 19:16, 18; 20:18; Rigt 5:4).
- Vers 13: Elia bedek sy gesig met 'n mantel nadat God aan hom verskyn het. Vir Moses het die Here self bedek sodat hy Hom net van agter kon sien (vgl Eks 33:22-23).
- Verse 14-18: God gee vir Elia 'n nuwe opdrag, omdat sy werk as profeet nog nie afgehandel is nie. Die nuwe opdragte is: 'n nuwe buitelandse vyand teen Agab (Gasael koning van Aram/Sirië); 'n nuwe koning vir Israel in die plek van Agab (Jehu); 'n opvolger vir Elia (Elisa).
- Vers 17: Die "swaard" kom verskeie kere in die hoofstuk voor (vv 1, 10, 14 en 17). In vers 17 verwys dit waarskynlik na die oordeel van God. Hierdie verse se historiese konteks is waarskynlik die periode tussen die opstand van Jehu en die dood van Gasael in 801 vC.
- Vers 18: Hierdie vers is waarskynlik die klimaks van die verhaal. Letterlik staan hier in vers 18b "al die knieë wat nie voor Baäl gekniel en elke mond wat hom nie gesoen het nie." God belowe dat Hyself sal sorg vir 'n oorblyfsel van 7000 persone. Die "mond" dui nie alleen op die aanroeping van 'n godheid dmv lof nie, maar ook op soene vir 'n afgod of die voetstuk waarop die beeld van die god gemonteer is (Hos 13:2).

Moontlike vrae

- Hoe gebeur dit dat iemand wat so 'n groot wonderwerk beleef het, nou in God twyfel?
    - Wat het met Elia gebeur dat hy selfs vir God gevra het om sy lewe te neem (v 4)?
- Bespreek die volgende stelling: "Moedelose tye is soms die heel beste tye om die Here te ontmoet. Dan is ek bereid om die inisiatief aan die Here oor te gee."
- Hoekom het Elia van God weggevlug? Kan dit gebeur dat ons ook van God wegvlug?
- Hoe maak God homself aan Elia bekend? (vv 9-12)
    - Het jy al beleef dat God Hom aan jou bekend gemaak het in moeilike tye?
- Kies een of meer van die volgende opsies. Die Here se opdragte in verse 15-17 wou die volgende sê: (a) Hou op om te kla en gaan aan met die lewe; (b) Elia, jy is nie alleen nie; (c) Ek is in beheer van jou lewe; (d) Ek het planne met jou lewe waarvan jy nie weet nie; (e) Vertrou my.
- Wanneer jy 'n geestelike laagtepunt bereik, wat/wie help jou om te herstel?
- Dink na oor die volgende woorde "Ons maak waarskynlik nie genoeg van stilte in ons tyd met God nie. Juis as ons neig na aktiwiteit en baie besig is, het ons nodig om tot bedaring te kom om God se stem te hoor."

<u>Lees: Mark 15:40-16:11: Maria Magdalena oomblikke (So 2 Mei)</u>

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Die naam van Maria Magdalena kom in 12 Bybelverse voor: Matt 27:56, 61; 28:1; Mark 15:40, 47; 16:1, 9; Luk 8:2; 24:10; Joh 19:25; 20:1, 18. In Gnostiese geskrifte soos die Evangelie van Maria (3^{e} eeu nC) word sy as leier van die eerste Christene beskou, selfs belangriker as Petrus. Daar is ook allerhande stories in die omloop oor Jesus se verhouding met Maria Magdalena. Ons laat ons egter lei deur dat ons in die Bybel lees.
- Maria Magdalena was die vrou wat waarskynlik die nouste pad met Jesus geloop het. Sy sien na Jesus se behoeftes om en fokus nie op haarself nie. Sy is die Sondagoggend eerste by die graf om Jesus se liggaam te versorg. Dit gaan hoegenaamd nie oor iets wat sy by Jesus kon kry nie, maar oor wat sy wou gee. Die oomblik wanneer Jesus Homself aan haar bekend maak is baie intiem en persoonlik. Dit gebeur

binne die bestek van net twee woorde met uitroeptekens: “Maria!” en “Rabboeni!” is genoeg (Joh 20:16). Intieme verhoudings soos die waarin Jesus ons innooi het nie noodwendig baie woorde nodig nie. Mark 15:40-41 sê sy was deel van die groep vroue wat Jesus gevolg het en Hom versorg het. Hulle is dan ook al van sy volgelinge wat teenwoordig is by die kruis, al is dit op ’n afstand. Sy is nie ’n goeieweersvolgeling nie, maar bly tot wat sy gedink is die bittereinde is getrou aan Hom.

- Mark 16:9 (ook Luk 8:2) eien haar as iemand uit wie 7 bose geeste gedryf is. Haar verhouding met Jesus begin dus by intense dankbaarheid. Sy het radikale verlossing ervaar. In haar geval het die demone nie die huis leeg en skoongemaak gevind nie. Jesus het haar lewe so gevul dat daar nie plek vir iets anders was nie.
- Volgens Mat 28:9-10 en Joh 20:11-18 was Maria Magdalena die eerste getuie na die opstanding van Jesus. Vroue is in daardie tyd nie as getuies in die hof toegelaat nie. Jy moes ten minste 2 mans hê vir getuienis om oortuigend te wees. Maar Jesus kies vir Maria teen al die sosiale konfensies in. Dalk omdat die dissipels sou weet dat sy, meer as enigiemand anders, haar Here se stem sou ken. Sy is die betrokke een; as iets gebeur is sy daar.

Moontlike vrae

- Wat leer ons uit die lewe van Maria Magdalena?
- Mark 16:9 (ook Luk 8:2) getuig dat Maria nie altyd vir Jesus lief was nie.
    - Waar dink julle het die draaipunt gekom?
    - Het die radikale verlossing wat sy beleef het, enige invloed op haar lewe gehad?
- Joh 20:16 vertel vir ons van ’n kort gesprek tussen Jesus en Maria Magdalena ná sy opstanding. Wat sê hierdie woorde vir ons oor hulle verhouding?
- Bespreek die volgende stelling: “Ons fokus moet op God wees en nie op onsself nie. Dit gaan nie oor wat ons daaruit kan kry nie.”
- Bernard van Clairvaux (1090-1153), ’n bekende heilige (“saint”) het gepraat van 4 “vlakke” van liefde. Wat verstaan julle onder elkeen?
    - Liefde vir myself om my eie ontwil
    - Liefde vir God om my eie ontwil (waar Maria begin het)
    - Liefde vir God om God se ontwil (waarvan Maria vir ons ’n blinkende voorbeeld is)
    - Liefde vir myself om God se ontwil (wat Maria waarskynlik as geskenk van haar Here kon beleef)
- Wat beteken dit as iemand sê “ek is lief vir Jesus”. Hoe verstaan en beleef jy jou liefde vir Jesus?
- Maria Magdalena het op ’n eenvoudige manier vir Jesus gewys dat sy vir hom lief was. Hoe kan ons dit vir ander wys?

<u>Lees Gen 12:1-3; 26:23-29: Die God van Abraham, Isak en Jakob (So 9 Mei)</u>

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Die boek Genesis kan in twee hoofdele opgedeel word: Gen 1-11 (Voorgeskiedenis); Gen 12-50 (Aartsvaderverhale). Die tweede gedeelte vertel die verhaal van Abraham (12:1-25:18), Isak (25:19-26:36), Jakob (27-36) en Josef (37-50).
- As jy een ding van Jakob moet weet, moet jy weet hy is Abraham se kleinseun en Isak se seun. Hy is die draer van die belofte. Maar dit is nie asof God moed opgegee het met die mensdom en nou maar liewer iewers ’n paar witbroodjies uitgesoekhet nie. Hy kies hulle om ’n seën te wees vir die hele wêreld (vgl 12:2; 26:23). Hulle word die draers van God se beloftes. Dit is God se nuwe strategie om die wêreld wat hulle rug op Hom gekeer het terug te wen. Hierdie beloftes en roeping gaan dan ook oor op Jakob. Abraham se nageslag is die enigste hoop vir die hele wêreld.
- Gen 12:1: Ons weet baie min van Abram se godsdiens voor sy roeping. Volgens Jos 24:2 het Abram se pa, Tera, afgode gedien - waarskynlik die maangod Sin wat in Ur sowel as in Haran vereer is (Gen 11:28, 31). In ’n sekere sin is Abram se roeping God se derde begin met die mensheid: eers Adam, toe Noag, en nou Abram. Abram word geroep om afstand te doen van sy land en familie. Dit waarvan Abram geroep word om afstand te doen is nogal groot en onverwagte sake. Dit is ook nie noodwendig slegte sake nie. Coenie Burger skryf die volgende hieroor in sy boek *Storie vir ons tyd*: “Maar dit is seker een van die belangrikste lesse wat ’n mens in jou lewe met God moet leer: dat dinge wat as sodanig nie sleg is nie, sleg kan word as dit te groot en belangrik in ons lewens word. Want sulke dinge het die manier om ons hart te verdeel (wat die teenoorgestelde is van wat Matt 5:8 ‘n “rein” hart noem) en ons onbruikbaar vir God te maak.”

- Gen 12:2-3: Ons moet erken dat dit moeilik is om ander te seën as jy self nie seën ontvang nie. Bv. dit is onmoontlik om vir iemand anders te bedien met God se genade as jy self nog nie God se genade ontvang het nie. Die groot probleem is dat ons net die seën van God vir onsself hou. Ons dink by onsself dat ons later sal wag om vir ander tot seën te wees, maar ons kom nie by daardie punt uit nie.
- Gen 26:23-29: Die Here het vier beloftes aan Abraham in Gen 12 gemaak en al vier beloftes word in Gen 26:3-4 herhaal. Isak trek na Gerar toe en daar ontstaan konflik tussen Isak en Abimelek van die Filistyne. Isak dra ook skuld vir die swak verhouding omdat hy gejok het oor sy mooi vrou Rebekka (dieselfde sonde wat sy pa Abraham gedoen het). Vanaf Gerar het Isak na Berseba getrek. Dit lyk asof daar ’n tydelike terugslag is, maar God beloof weer eens dat Hy by Isak sal wees en hom sal seën (vv 23-25). Selfs die heidense koning Abimelek erken dat God vir hom seën (vv 25-29).

Moontlike vrae

- Wat wil jy nog op aarde doen voor jou sterfdag?
- Abram kom uit ’n huis wat afgode gedien het. Abram moes eerstens ’n verbintenis aan ons lewende God maak voordat hy kon verder gaan.
    - Deel iets met die groep oor wanneer jy die eerste keer ’n verbintenis aan God gemaak het.
- Hoekom dink jy het God vir Abram gevra om afstand te doen van sy land, sy mense en sy familie?
- Verwag God ook van ons om hierdie verbintenis te maak?
- Hoe verstaan jy die woorde van vers 2:“Ek sal jou seën.....en jy moet tot ’n seën wees”?
- God maak ’n belofte van ‘n “groot nasie” aan ’n kinderlose Abram.
    - Hoe dink julle het Abram oor hierdie belofte gevoel?
    - Glo ek dat God ook vir my iets sal gee sodat ek weer vir ander iets kan gee.
- Koning Abimelek beleef dat God vir Isak seën (vv 26-29). Hoe kan nie-gelowiges na ons as Christene? Sien hulle vir ons as geseënde mense?

<u>Lees Gen 45:1-13; 50:20: Jakob, Josef en sy broers (So 16 Mei)</u>

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Vir sommige mense is godsontmoetings dramaties. Vir ander is dit verskuil in die doodgewone - soos vir Josef. Maar agterna besef hulle dat God die hele tyd aan die werk was. God kan selfs werk langs die weg van mense wat groot onreg teenoor my pleeg.
- Die struktuur van Gen 45 kan soos volg opgesom word: Josef maak homself aan sy broers bekend (vv 1-3); Josef gee ’n teologiese interpretasie van sy reis oppad na slawerny (vv 4-8); Die resultaat van Josef se teologiese interpretasie (vv 9-20).
- Gen 45:2-3: Let op die intense liefde wat Josef vir sy pa Jakob gehad het. Hy vra net “leef my vader/pa nog” (1953/AV). Die eerste reaksie van die broers was om bang te word weens hulle skuldige gewete.
- Gen 45:5 en 8: Al die menslike emosies waarvan hier sprake is word eers duidelik wanneer dit binne die groter raam van God se plan geplaas word. Josef het makliker sy “las” hanteer toe hy besef het dat God steeds ’n plan met hom het. Elkeen an ons op aarde is ook gestuurdes. As ons ons eie roeping en rol as gestuurde verstaan, sal ons ook makliker ons swaarkry op aarde kan hanteer.
- Gen 45 en 50 vertel vir ons van vergifnis en versoening. In die meeste gevalle sukkel mense om God se vergifnis te aanvaar as hulle nié hul skuld voor God bely het nie. Mense sukkel ook om ander se vergifnis te aanvaar of om vergifnis te skenk as hulle nie berou toon en skuld bely nie. In sommige gevalle is daar vergifnis, maar nie versoening nie. Versoening kan net plaasvind as albei partye bereid is om te vergewe. In die verhaal van Josef word nie pertinent van vergifnis gepraat voor hoofstuk 50 nie (vgl Gen 50:15-21). Dit is wel duidelik dat Josef, sy broers en hul vader Jakob mekaar vergewe het vir wat hulle mekaar aangedoen het. Sy broers het hom verkoop en vir hulle pa bedrieg; Josef het kat-en-muis met hulle gespeel.
- In Matt 5:21-26 lees ons Jesus se wens oor versoening. Versoening is so belangrik vir Jesus dat ons nie eers kan kerk toe kom as ons weet dat ons “broer iets teen ons het”. Die Bybel praat nie eerstens van iets wat jy teen iemand anders het nie, maar iemand wat iets teen jou het. Ons moet bereid wees om agente vir versoening te wees. Bereid wees om die ekstra myl te stap. Dit is wat Jesus van ons verwag. Dit is ook wat Josef en sy broers gedoen het.

Moontlike vrae

- Hoe tree jy op as iemand emosioneel raak? Wat doen jy as iemand onbedaarlik begin huil?
- Vers 3b getuig van die broers wat bang geword het. Hoekom was hulle bang? Was jy al in so ’n situasie?
- Josef het ervaar dat God hom gestuur het (vv 5 en 8). Waarnatoe stuur die Here vir jou?

- Josef het ervaar dat God ’n plan met sy lewe gehad het (50:20). Watter plan het die Here met jou lewe?
- Sondebelydenis en berou is baie belangrike elemente in ’n versoeningsproses. In Gen 45 lees ’n mens nêrens hieroor nie. Wat het gemaak dat Josef sy broers kon vergewe?
- Bespreek die volgende stelling: “Berou en sondebelydenis bly nog steeds twee belangrike boustene van vergifnis en versoening – al kom dit nie in Gen 45 voor nie”.
- Hoe kan ons mekaar help om agente van versoening te wees?
- Bespreek die volgende stelling van Ian Nell: “Families is gewis die ruimte waarbinne ons van ons sterkste emosies beleef en in die besonder waar daar versoening plaasvind, waar verkeerdhede reggestel word, waar mense mekaar vergewe en bereid is om nuut te begin.”

<u>Lees Rigt 2:1-3:6 (kernverse 2:10-13): ’n Godlose geslag binne een generasie (So 23 Mei)</u>

Agtergrond oor boek en Skrifgedeelte

- Sien volledige stuk oor die agtergrond van Rigters op die gemeente se webwerf (www.nghelder.org.za).
- Die doel van die boek Rigters is waarskynlik om aan te toon watter pyn dit veroorsaak as die mens ongehoorsaam is aan die Here en agter afgode aanloop. Daar is ’n duidelike patroon wat telkens in die boek na vore kom: Ongehoorsaamheid van Israel; God straf dmv die onderdrukking van heidennasies; Israel roep tot God om hulp; God red deur ’n rigter/leier te stuur.
- Die rigtertyd het gestrek van ongeveer 1200-1020 vC, maar die boek is eers finaal ná die tyd van die ballingskap (dws ná 586 vC) deur ’n onbekende skrywer/s opgeteken (vgl Rigt 18:30). Die boek Rigters kan waarskynlik in die volgende hoofdele opgedeel word: Inleiding en tema van die boek (1:1-3:6); Val en opstaan van 12 rigters/leiers (3:7-16:31); Die verhaal van Israel (17:1-21:25).
- Rigt 2:1: Bokim was ’n plek iewers tussen Gilgal en Bet-el, noord van Jerusalem.
- Rigt 2:6-9: Vergelyk hierdie gedeelte met Jos 24:28-31 wat byna woordeliks ooreenstem. Dit dien as skakel met die boek Josua.
- Rigters 2:11-3:6 is as’t ware die model waarop die ander rigterverhale gemoduleer is.
- Rigt 3:5: Hier word die name van talle volke/groepe genoem. Daar was voortdurend konflik met die volke, omdat die Israeliete in dieselfde omgewing moes woon. Daar was ook godsdienstige konflik, omdat die Kanaäniete verskillende afgode gedien het en die Israel vir Jahwe, hulle God.
- Daar is talle verwysings na die ongehoorsaamheid van die volk in Rigt 2:1-3:6: Verdrag gesluit met inwoners van land (2:2); Israeliete dien Baäls (2:11); Dien ander gode en tart die Here (2:12); Here stuur leiers, maar volk luister nie na hulle nie (2:17); Volk is ontrou aan die Here; ongehoorsaam aan die gebooie van die Here (2:17); Volk steur hulle nie aan die verbond nie (2:20); Israeliete trou met die seuns en dogters van die vreemde nasies en dien hulle gode (3:6).

Moontlike vrae

- Wanneer laas het jy uit die boek Rigters gelees? Wat onthou jy daarvan?
- Hoekom is Israel verbied om met die ander nasies te meng? (vgl 2:4)
- Rigt 2:7 getuig dat die Israeliete vir die Here gedien het terwyl Josua geleef het. Vers 10 getuig dat die volgende geslag nié die Here geken het nie. Hoe gebeur dit dat een geslag die Here dien en die volgende nie?
- Wie se skuld is die ongehoorsaamheid?
    - Aanvaar elkeen verantwoordelikheid vir sy eie dade?
    - Of was die vorige geslag werklik ’n voorbeeld van gehoorsaamheid?
    - Of het die versoekinge net te veel geword in die land?
- Dit lyk nié asof die Israeliete uit die verlede geleer het nie. Wat het jy uit die verlede geleer?
- Hoe kan ons mekaar help dat dit nie met ons en ons kinders gebeur nie?

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 18 Apr 2010)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Wat het julle tydens die vakansie oor God beleef? Deel iets wat julle van God in die skepping gesien het.

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: As ek die hemel aanskou; U is in beheer; In die hemel is die Heer (CD no 4); As ek in die aand na sterre kyk; U Naam is wonderbaar op aarde (Lied 8).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 30.
- Julle kan ook Job 38 as 'n lofgebed voorlees terwyl elkeen sy oë sluit.
- Bid vir mense wat sukkel om God raak te sien – ateïste, mense wat swaarkry.
- Bid spesiaal vir ons land en al sy mense. Bid vir versoening en vergifnis (teen haat en rassisme), begrip vir mekaar en hoop vir die toekoms.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 18 April se eredienste (2e Sondag in ons reeks Oomblikke saam met 'n verrassende God)

Lees Job 38:1-18; 39:36-38; 42:1-6: Job oomblikke

Agtergrond oor tema en Skrifgedeeltes

- Die boek Job is deel van die sogenaamde wysheidsboeke (Job, Spreuke, Prediker). Die doel van Job is om God se soewereiniteit en die betekenis van ware geloof te demonstreer. Een van die belangrike vrae wat in die boek na vore kom is die sogenaamde "teodisee vraag". Dit wil sê: Hoekom kry gelowiges/regverdiges swaar op aarde?
- Die skrywer van Job is onbekend, maar dit verwys na gebeure wat in die tyd van die aartsvaders voorgekom het. Die boek is waarskynlik ná die tyd van die ballingskap finaal saamgevoeg (tussen 500-200 vC). Die boek kan waarskynlik in die volgende hoofdele opgedeel word: 1:1-2:13 (Inleiding oor Job se beproewing); 3:1-31:40 (Job en sy drie vriende redeneer met mekaar); 32:1-37:24 (Elihu, 'n vierde vriend antwoord Job); 38:1-42:6 (Gesprek tussen God en Job); 42:7-17 (Slot). Die inleiding en slot is in vertelvorm (prosa) geskryf terwyl die middelste gedeeltes in digterlike vorm (poësie) geskryf is.
- Job ontmoet God in die middel van 'n massiewe krisis. Dit kleur die hele ontmoeting. Job is kwaad vir God. Hy is in opstand teen die beste teologie van sy tyd – soos deur sy vriende aangebied. Hy het egter sy eie teologie: een waarin daar ook, soos by hulle, 'n lynregte verband tussen dade en uitkoms is. As jy goed doen, sal dit noodwendig goeie gevolge vir jou hê; as jy sondig, bring dit noodwendig ellende mee.
- God vat Job na die skepping. Die grootsheid en groot vryheid van die verskynsels in die skepping help Job om te breek met sy meganiese beskouiings van God en die wêreld. Job se ontmoeting met God verander sy hele uitkyk op sy eie lewe en op die manier waarop die wêreld werk en laat hom opstaan uit die as. Hy kry nie maklike antwoorde nie, maar vrede daaroor dat God in beheer is, al kan hy nie alles verstaan nie. Hy is bereid om te leef met vertroue dat God die dinge waaroor hy nie beheer het nie in sy groot hande het.

Moontlike vrae

- Dink na oor die volgende woorde: "Die skepping kan my, soos Job, weer by God uitbring wanneer dit my 'n sin vir proporsie gee: hoe klein ek is en hoe groot God is. Dikwels is 'n gebrekkige sin vir proporsie ons grootste struikelblok by bybelstudie en gebed."
- Job het gedink dat God weg was of dat God hom nie wou antwoord in sy nood nie. Wat leer ons uit Job 38:1-16?
- Wat lê agter die woorde van Job 39:36-38?
- Bespreek die volgende stelling: "Ons as Christene aanbid nie die skepping nie, maar dit Skepper agter alles"
- Ons praat baiekeer so maklik oor dinge wat ons nie werklik begryp nie (42:3). Waar het jy dit die afgelope tyd beleef?
- Wat beteken die woorde van Job 42:5 vir jou?
- Christene wil so maklik antwoorde vir mense in nood gee – somtyds goedkoop antwoorde.
    - Hoekom doen ons dit?
    - Wie se werk is dit om antwoorde te gee.
- Hoe het God vir Job ontmoet?
- Was daar spesiale tye waar jy beleef het dat jy vir God op 'n spesiale manier ontmoet het. Deel dit met die groep.
- Hoe kan julle as groep mekaar help om God beter raak te sien?

Bybelstudiemetodes (sien vorige uitdeelstukke)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- As 'n mens vir God ontmoet, wil jy dit met ander deel. Kyk weer na die Uitreikboekie en maak seker of julle groep nie dalk by een van ons projekte betrokke wil raak nie.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Job 42:5
- Moontlike vrae: (1) Vertel in twee sinne vir jou maat wat jy dink oor God? (2) Ons sê baiekeer dat ons nie vir God kan sien nie. Is dit waar? (3) Hoe kan ons vir God in die skepping raaksien? (4) Wat het alles in die lewe van Job gebeur? (5) Watter antwoorde het sy vriende vir hom gegee? (6) Watter antwoord het God vir hom gegee? (7) Hoe verstaan jy die woorde van Job 42:5
- Gee kans dat die families vir mekaar kan help hoe om spesiale geleenthede te kan skep om God in sy skepping te ontmoet. Sê prakties wat julle kan doen (bv om saam die Helderberg natuurtuin te gaan besoek of diere/voëls te kyk).

ADMINISTRASIE

- Volgende byeenkoms is <u>Di aand 25 Mei 2010.</u>
- Tydens vanjaar se Pinksterdienste word families spesiaal uitgenooi (So 9 Mei tot So 16 Mei). Die dienste in die kerkgebou sal "tienervriendelik" wees en daar sal ook 'n aparte Kleuter- en Kinderpinkster wees.

VERDERE TOERUSTING

- Ons gee ruim tyd om in die voogdegroepe saam te gesels. Onthou die drieledige doel van ons leiersbyeenkomste (T-O-G): Toerusting – Ons leer my mekaar; Ondersteuning – Ons ondersteun mekaar; Gebed – ons bid vir mekaar.
- Ons het verlede keer gesels oor die tema "geestelike groei begin by die leiers". Moontlike vrae waaroor julle kan nadink: (1) Hoe help ons as leiers mekaar in die pad van geestelike groei? (2) Dink na oor die stelling van Okkie: "Die basiese eienskap van 'n leier is om mense te help om uit te kom waar God wil hê hulle moet wees" (3) Hoe kan ons 'n groep help om nie hulle hoop in Jesus te verloor nie (veral in die lig van omstandighede in die land).

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 25 Apr 2010)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Was daar al tye wanneer jy op 'n laagtepunt ("low") was ná 'n hoogtepunt ("high") in jou lewe?

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Wees stil en weet (Lied 519); Ek glo in die God (CD no 10); Men of faith (CD no 11).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 23. Bid hardop hierdie Psalm as 'n vertrouensgebed.
- Bid vir mense wat sukkel met depressie, sukkelende verhoudings en werkloosheid.

Sake vir voorbidding (sien week van 18 April):

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 25 Apr se eredienste (3e Sondag in ons reeks Oomblikke saam met 'n verrassende God)

Lees 1 Kon 19:1-21: Elia oomblikke

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Elia was 'n doener, maar dikwels 'n impulsiewe doener. Dit is sy grootste bate, maar soms ook sy swakheid. Hy waag dit om vir Agab aan te spreek oor Nabot se wingerd en hy daag die Baälprofete uit. Maar dan kruip hy by Krit weg en vlug vir Isebel. Die Here verskyn aan Elia wanneer hy op die grootste moedelose laagtepunt van sy lewe is. Die inisiatief het hier oorgegaan na God. Elia (met sy vinnige geaardheid) sou eerder die Here in die rukwind of aardbewing of vuur verwag het. Die Here het Homself dikwels in hierdie soort goed geopenbaar, maar dit is nie wat Elia nou nodig het nie. Die Here neem hom so 'n bietjie uit sy gemaksone uit. Wanneer die Here met hom praat, kry hy nie 'n vrypas vir "hospitaaltyd" nie. Hy kry twee groot opdragte. Maar hy ondervind geen moeite om dit uit te voer nie. Mense werk soos Elia: Na die grootste hoogtepunt val alles plat. Na 'n groot Godservaring gebeur dit dikwels. In die woestyn is dit God wat hom soek. Hy wag nie op die Here nie, hy wag op die dood.
- Verse 1-2: 1 Kon 19 se vertelling staan in sterk kontras met die vorige hoofstuk. Elia wat in hoofstuk 18 vuur uit die hemel afgebid het, gaan kruip vir Esebel (vrou van koning Agab) weg. Isebel was waarskynlik die eintlike mag agter die troon (vgl 1 Kon 21:4-7). Sy was woedend omdat haar Baäl profete doodgemaak is en haar gesag aangetas is. Sy was bang vir die invloed van die profeet Elia en wou weerwraak neem.
- Verse 3-8: Elia se reaksie is tipies van iemand wat aan erge stres of depressie ly. Jy word so fisies en sielkundig uitgeput dat jou oordeel en insig beperk is. Elia doen die volgende: hy vlug weg van die mense wat vir hom omgee (bv sy slaaf); hy gaan alleen die woestyn in ver van mense, water en kos; hy hou op om te eet; hy sien nie meer kans vir die lewe nie; hy gaan lê en slaap. Let wel die eerste opdrag wat die engel vir hom gee is om te eet. Hy moet weer sy fisiese kragte herwin.
- Verse 9-12: Hierdie verse handel oor God se verskyning. Eers praat God met Elia in die nag (v 9) en daarna verskyn God aan hom deur die wind, aardbewing, vuur en stilte. In die OT is daar ander voorbeelde waar God verskyn in 'n sterk wind en aardbewing (vgl Eks 19:16, 18; 20:18; Rigt 5:4).
- Vers 13: Elia bedek sy gesig met 'n mantel nadat God aan hom verskyn het. Vir Moses het die Here self bedek sodat hy Hom net van agter kon sien (vgl Eks 33:22-23).
- Verse 14-18: God gee vir Elia 'n nuwe opdrag, omdat sy werk as profeet nog nie afgehandel is nie. Die nuwe opdragte is: 'n nuwe buitelandse vyand teen Agab (Gasael koning van Aram/Sirië); 'n nuwe koning vir Israel in die plek van Agab (Jehu); 'n opvolger vir Elia (Elisa).
- Vers 17: Die "swaard" kom verskeie kere in die hoofstuk voor (vv 1, 10, 14 en 17). In vers 17 verwys dit waarskynlik na die oordeel van God. Hierdie verse se historiese konteks is waarskynlik die periode tussen die opstand van Jehu en die dood van Gasael in 801 vC.
- Vers 18: Hierdie vers is waarskynlik die klimaks van die verhaal. Letterlik staan hier in vers 18b "al die knieë wat nie voor Baäl gekniel en elke mond wat hom nie gesoen het nie." God belowe dat Hyself sal sorg vir 'n oorblyfsel van 7000 persone. Die "mond" dui nie alleen op die aanroeping van 'n godheid

dmv lof nie, maar ook op soene vir ’n afgod of die voetstuk waarop die beeld van die god gemonteer is (Hos 13:2).

Moontlike vrae

- Hoe gebeur dit dat iemand wat so ’n groot wonderwerk beleef het, nou in God twyfel?
    - Wat het met Elia gebeur dat hy selfs vir God gevra het om sy lewe te neem (v 4)?
- Bespreek die volgende stelling: “Moedelose tye is soms die heel beste tye om die Here te ontmoet. Dan is ek bereid om die inisiatief aan die Here oor te gee.”
- Hoekom het Elia van God weggevlug? Kan dit gebeur dat ons ook van God wegvlug?
- Hoe maak God homself aan Elia bekend? (vv 9-12)
    - Het jy al beleef dat God Hom aan jou bekend gemaak het in moeilike tye?
- Kies een of meer van die volgende opsies. Die Here se opdragte in verse 15-17 wou die volgende sê: (a) Hou op om te kla en gaan aan met die lewe; (b) Elia, jy is nie alleen nie; (c) Ek is in beheer van jou lewe; (d) Ek het planne met jou lewe waarvan jy nie weet nie; (e) Vertrou my.
- Wanneer jy ’n geestelike laagtepunt bereik, wat/wie help jou om te herstel?
- Dink na oor die volgende woorde “Ons maak waarskynlik nie genoeg van stilte in ons tyd met God nie. Juis as ons neig na aktiwiteit en baie besig is, het ons nodig om tot bedaring te kom om God se stem te hoor.”

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- As onsself in ’n geestelike laagtepunt is, is die moeilik om uit te reik. Dit is belangrik om heling by God te kry sodat ons weer na ander kan uitreik.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: 1 Kon 18:11
- Vra dat iemand in die groep vir die kinders die verhaal in 1 Kon 18 en 19 vertel.
- Moontlike vrae: Was jy al moedeloos? Hoekom het jy moedeloos geraak? Hoekom dink jy het Elia moedeloos geraak? Wat het die Here vir Elia gesê – wat moes hy gaan doen? Is die volgende woorde waar of onwaar: “God sal altyd by ons wees, al probeer ons van Hom wegvlug”.

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 2 Mei 2010)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Gewoonlik vertel ons self hoe dit met ons gaan. Gee geleentheid dat die groep kan sê hoe dit met elkeen gaan (dit help die groep om te besef hoe goed of swak hulle vir mekaar ken en versorg).

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Jesus all for Jesus (CD no 5); My life (CD no 17); Neem my lewe laat dit Heer (Lied 308).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 148. Gebruik die Psalm as ’n lofgebed.
- Bid vir mense wat vasgevang is in die mag van die Bose en nie die Here kan dien (soos wat Maria Magdalena was voordat sy vir Jesus geken het). Vgl ook Ons Vader gebed.
- Gee ruim tyd vir stilgebed.

Sake vir voorbidding (sien week van 18 April):

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 2 Mei se eredienste (4^{e} en laaste Sondag in ons reeks “Oomblikke saam met ’n verrassende God”).

Lees: Mark 15:40-16:11: Maria Magdalena oomblikke

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Die naam van Maria Magdalena kom in 12 Bybelverse voor: Matt 27:56, 61; 28:1; Mark 15:40, 47; 16:1, 9; Luk 8:2; 24:10; Joh 19:25; 20:1, 18. In Gnostiese geskrifte soos die Evangelie van Maria (3e eeu nC) word sy as leier van die eerste Christene beskou, selfs belangriker as Petrus. Daar is ook allerhande stories in die omloop oor Jesus se verhouding met Maria Magdalena. Ons laat ons egter lei deur dat ons in die Bybel lees.
- Maria Magdalena was die vrou wat waarskynlik die nouste pad met Jesus geloop het. Sy sien na Jesus se behoeftes om en fokus nie op haarself nie. Sy is die Sondagoggend eerste by die graf om Jesus se liggaam te versorg. Dit gaan hoegenaamd nie oor iets wat sy by Jesus kon kry nie, maar oor wat sy wou gee. Die oomblik wanneer Jesus Homself aan haar bekend maak is baie intiem en persoonlik. Dit gebeur binne die bestek van net twee woorde met uitroeptekens: "Maria!" en "Rabboeni!" is genoeg (Joh 20:16). Intieme verhoudings soos die waarin Jesus ons innooi het nie noodwendig baie woorde nodig nie. Mark 15:40-41 sê sy was deel van die groep vroue wat Jesus gevolg het en Hom versorg het. Hulle is dan ook al van sy volgelinge wat teenwoordig is by die kruis, al is dit op 'n afstand. Sy is nie 'n goeieweersvolgeling nie, maar bly tot wat sy gedink is die bittereinde is getrou aan Hom.
- Mark 16:9 (ook Luk 8:2) eien haar as iemand uit wie 7 bose geeste gedryf is. Haar verhouding met Jesus begin dus by intense dankbaarheid. Sy het radikale verlossing ervaar. In haar geval het die demone nie die huis leeg en skoongemaak gevind nie. Jesus het haar lewe so gevul dat daar nie plek vir iets anders was nie.
- Volgens Mat 28:9-10 en Joh 20:11-18 was Maria Magdalena die eerste getuie na die opstanding van Jesus. Vroue is in daardie tyd nie as getuies in die hof toegelaat nie. Jy moes ten minste 2 mans hê vir getuienis om oortuigend te wees. Maar Jesus kies vir Maria teen al die sosiale konfensies in. Dalk omdat die dissipels sou weet dat sy, meer as enigiemand anders, haar Here se stem sou ken. Sy is die betrokke een; as iets gebeur is sy daar.

Moontlike vrae

- Wat leer ons uit die lewe van Maria Magdalena?
- Mark 16:9 (ook Luk 8:2) getuig dat Maria nie altyd vir Jesus lief was nie.
    - Waar dink julle het die draaipunt gekom?
    - Het die radikale verlossing wat sy beleef het, enige invloed op haar lewe gehad?
- Joh 20:16 vertel vir ons van 'n kort gesprek tussen Jesus en Maria Magdalena ná sy opstanding. Wat sê hierdie woorde vir ons oor hulle verhouding?
- Bespreek die volgende stelling: "Ons fokus moet op God wees en nie op onsself nie. Dit gaan nie oor wat ons daaruit kan kry nie."
- Bernard van Clairvaux (1090-1153), 'n bekende heilige ("saint") het gepraat van 4 "vlakke" van liefde. Wat verstaan julle onder elkeen?
    - Liefde vir myself om my eie ontwil
    - Liefde vir God om my eie ontwil (waar Maria begin het)
    - Liefde vir God om God se ontwil (waarvan Maria vir ons 'n blinkende voorbeeld is)
    - Liefde vir myself om God se ontwil (wat Maria waarskynlik as geskenk van haar Here kon beleef)
- Wat beteken dit as iemand sê "ek is lief vir Jesus". Hoe verstaan en beleef jy jou liefde vir Jesus?
- Maria Magdalena het op 'n eenvoudige manier vir Jesus gewys dat sy vir hom lief was. Hoe kan ons dit vir ander wys?

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Maria Magdelena het dadelik getuig van Jesus se opstanding. Sy kon nie daaroor stilbly nie (Mark 16:11).

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Mark 16:13
- Vertel vir die kinders die verhaal van Maria Magdalena wat vir Jesus bly versorg en ondersteun het (selfs in moeilike tye toe die ander bang geraak het).

- Julle kan moontlik die volgende storie van Richard Foster vertel. Dit handel oor die 3 eenvoudige monnike op die eiland wat elke dag in hulle tuintjies werk en elke oggend en aand op die hoogste punt van die eiland bymekaarkom en die enigste gebed wat hulle geken het gebid het: "Here God, ons is drie en U is drie. Wees ons genadig." 'n Biskop hoor toe van hulle en ontferm hom oor hulle. Hy klim toe op 'n skip en kom besoek hulle en gee hulle vir 'n hele dag lank onderrig oor gebed. Hulle geniet elke oomblik daarvan en drink elke woord van die biskop in. Toe die son sak is die biskop toe terug na die skip en vertrek. Toe dit donker word, kom daar toe 'n bol vuur oor die water na die skip aan. Die matrose is toe vreesbevange en kruip agter die biskop weg. Toe die bol vuur naby die skip kom, sien hulle dit is die drie monnikke wat in 'n vuurbol oor die water aangestap gekom het. Hulle klim toe op die skip en val aan die voete van die biskop neer. "U edele," sê hulle toe, "ons het sulke wonderlike dinge by u gehoor, maar ons is maar eenvoudig. Ons het weer alles vergeet. Wil u nie asseblief dit vir ons herhaal nie?" Toe sê die biskop vir hulle, "Gaan gerus terug na julle eiland, vergeet alles wat ek vir julle gesê het en gaan doen weer presies wat julle nog altyd gedoen het." Kinders help ons baiekeer om op 'n eenvoudige manier net vir die Here lief te wees ((soos wat Maria Magdalena gedoen het). Ons kan by hulle leer.

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 9 Mei 2010)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)
- Wat onthou jy van Pinkster in jou kinderjare?

(B) AANBIDDING
Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Hemelvaartsliedere (Lied 425-429); Pinksterliedere (Liedboek no 430-444); Kom O skepper Gees; Waai deur my; I have decided to follow Jesus.
Gebed/rituele/simbole:
- Psalm van die week: Ps 67. Sê hardop as groep die woorde van vers 2 as seënbede teen die einde.
- Die woord Pinkster beteken 50, dws 50 dae na Paassondag. Dikwels word Pinkstersondag as die kerk se verjaarsdag gevier. Pinksterbidure het in die NG Kerk ná die groot herlewing van 1860 ontstaan.
- Pinkstersimbole is gewoonlik die duif of tonge van vuur.

Sake vir voorbidding (sien week van 18 April):

(C) OPBOU UIT DIE WOORD
Die tema sluit aan by Sondag 9 Mei se se eredienste. Die Pinksterdienste oor die lewe van Jakob begin op Sondagoggend en duur tot Do aand. Sondagoggend 16 Mei word afgesluit met 'n Lof- en dankdiens.

Lees Gen 12:1-3; 26:23-29: Die God van Abraham, Isak en Jakob
Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte
- Die boek Genesis kan in twee hoofdele opgedeel word: Gen 1-11 (Voorgeskiedenis); Gen 12-50 (Aartsvaderverhale). Die tweede gedeelte vertel die verhaal van Abraham (12:1-25:18), Isak (25:19-26:36), Jakob (27-36) en Josef (37-50).
- As jy een ding van Jakob moet weet, moet jy weet hy is Abraham se kleinseun en Isak se seun. Hy is die draer van die belofte. Maar dit is nie asof God moed opgegee het met die mensdom en nou maar liewer iewers 'n paar witbroodjies uitgesoekhet nie. Hy kies hulle om 'n seën te wees vir die hele wêreld (vgl 12:2; 26:23). Hulle word die draers van God se beloftes. Dit is God se nuwe strategie om die wêreld wat hulle rug op Hom gekeer het terug te wen. Hierdie beloftes en roeping gaan dan ook oor op Jakob. Abraham se nageslag is die enigste hoop vir die hele wêreld.
- Gen 12:1: Ons weet baie min van Abram se godsdiens voor sy roeping. Volgens Jos 24:2 het Abram se pa, Tera, afgode gedien - waarskynlik die maangod Sin wat in Ur sowel as in Haran vereer is (Gen 11:28, 31). In 'n sekere sin is Abram se roeping God se derde begin met die mensheid: eers Adam, toe Noag, en nou Abram. Abram word geroep om afstand te doen van sy land en familie. Dit waarvan Abram geroep word om afstand te doen is nogal groot en onverwagte sake. Dit is ook nie noodwendig slegte sake nie. Coenie Burger skryf die volgende hieroor in sy boek *Storie vir ons tyd*: "Maar dit is seker

een van die belangrikste lesse wat 'n mens in jou lewe met God moet leer: dat dinge wat as sodanig nie sleg is nie, sleg kan word as dit te groot en belangrik in ons lewens word. Want sulke dinge het die manier om ons hart te verdeel (wat die teenoorgestelde is van wat Matt 5:8 'n "rein" hart noem) en ons onbruikbaar vir God te maak."

- Gen 12:2-3: Ons moet erken dat dit moeilik is om ander te seën as jy self nie seën ontvang nie. Bv. dit is onmoontlik om vir iemand anders te bedien met God se genade as jy self nog nie God se genade ontvang het nie. Die groot probleem is dat ons net die seën van God vir onsself hou. Ons dink by onsself dat ons later sal wag om vir ander tot seën te wees, maar ons kom nie by daardie punt uit nie.
- Gen 26:23-29: Die Here het vier beloftes aan Abraham in Gen 12 gemaak en al vier beloftes word in Gen 26:3-4 herhaal. Isak trek na Gerar toe en daar ontstaan konflik tussen Isak en Abimelek van die Filistyne. Isak dra ook skuld vir die swak verhouding omdat hy gejok het oor sy mooi vrou Rebekka (dieselfde sonde wat sy pa Abraham gedoen het). Vanaf Gerar het Isak na Berseba getrek. Dit lyk asof daar 'n tydelike terugslag is, maar God beloof weer eens dat Hy by Isak sal wees en hom sal seën (vv 23-25). Selfs die heidense koning Abimelek erken dat God vir hom seën (vv 25-29).

Moontlike vrae

- Wat wil jy nog op aarde doen voor jou sterfdag?
- Abram kom uit 'n huis wat afgode gedien het. Abram moes eerstens 'n verbintenis aan ons lewende God maak voordat hy kon verder gaan.
    - Deel iets met die groep oor wanneer jy die eerste keer 'n verbintenis aan God gemaak het.
- Hoekom dink jy het God vir Abram gevra om afstand te doen van sy land, sy mense en sy familie?
- Verwag God ook van ons om hierdie verbintenis te maak?
- Hoe verstaan jy die woorde van vers 2:"Ek sal jou seën.....en jy moet tot 'n seën wees"?
- God maak 'n belofte van 'n "groot nasie" aan 'n kinderlose Abram.
    - Hoe dink julle het Abram oor hierdie belofte gevoel?
    - Glo ek dat God ook vir my iets sal gee sodat ek weer vir ander iets kan gee.
- Koning Abimelek beleef dat God vir Isak seën (vv 26-29). Hoe kan nie-gelowiges na ons as Christene? Sien hulle vir ons as geseënde mense?

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- God het vir Abraham en sy nageslag geseën sodat hulle 'n seën vir die nasies kon wees.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Gen 12:2
- Moontlike vrae wat gevra kan word: (1) God het iets groots van Abram gevra. Wat was dit? (vgl 12:1) (2) Wat het God alles vir Abraham en die mense na hom beloof? (3) Wat beteken die woord "seën" vir jou? (4) Het Abraham die seën net vir homself gehou? (5) Wat het gebeur tussen Isak en koning Abimelek? Wat leer ons uit hierdie storie?
- Laat families hulle foto albums na die groep bring en vir die kinders van hulle oupas en oumas vertel. Wys ook elke kind se foto's na hulle geboorte. Laat hulle iets van God se seën raaksien.

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 16 Mei 2010)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Sien eerste vraag by C.

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema en kerkjaar aansluit: Pinksterliedere (Liedboek no 430-444); Kom O skepper Gees; Waai deur my. Create in me in clean heart oh Lord; My life; Heer wees genadig (Lied 243); Ek wat vergifnis Heer ontvang het (Lied 245).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 97. Gebruik verse 1-7 as lofgebed aan die begin.
- Gee tyd vir skuldbelydenis en verkondig daarna die vergifnis van die Here (1 Joh 1:9).
- Bid vir die versoening en vergifnis in families. Bid dat die Heilige Gees families sal nuut maak.

Sake vir voorbidding (sien week van 18 April):

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Do 13 Mei se Pinksterdiens. Sondag 16 Mei gaan meer as 'n dankdiens ingerig word.

Lees Gen 45:1-13; 50:20: Jakob, Josef en sy broers

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Vir sommige mense is godsontmoetings dramaties. Vir ander is dit verskuil in die doodgewone - soos vir Josef. Maar agterna besef hulle dat God die hele tyd aan die werk was. God kan selfs werk langs die weg van mense wat groot onreg teenoor my pleeg.
- Die struktuur van Gen 45 kan soos volg opgesom word: Josef maak homself aan sy broers bekend (vv 1-3); Josef gee 'n teologiese interpretasie van sy reis oppad na slawerny (vv 4-8); Die resultaat van Josef se teologiese interpretasie (vv 9-20).
- Gen 45:2-3: Let op die intense liefde wat Josef vir sy pa Jakob gehad het. Hy vra net "leef my vader/pa nog" (1953/AV). Die eerste reaksie van die broers was om bang te word weens hulle skuldige gewete.
- Gen 45:5 en 8: Al die menslike emosies waarvan hier sprake is word eers duidelik wanneer dit binne die groter raam van God se plan geplaas word. Josef het makliker sy "las" hanteer toe hy besef het dat God steeds 'n plan met hom het. Elkeen an ons op aarde is ook gestuurdes. As ons ons eie roeping en rol as gestuurde verstaan, sal ons ook makliker ons swaarkry op aarde kan hanteer.
- Gen 45 en 50 vertel vir ons van vergifnis en versoening. In die meeste gevalle sukkel mense om God se vergifnis te aanvaar as hulle nié hul skuld voor God bely het nie. Mense sukkel ook om ander se vergifnis te aanvaar of om vergifnis te skenk as hulle nie berou toon en skuld bely nie. In sommige gevalle is daar vergifnis, maar nie versoening nie. Versoening kan net plaasvind as albei partye bereid is om te vergewe. In die verhaal van Josef word nie pertinent van vergifnis gepraat voor hoofstuk 50 nie (vgl Gen 50:15-21). Dit is wel duidelik dat Josef, sy broers en hul vader Jakob mekaar vergewe het vir wat hulle mekaar aangedoen het. Sy broers het hom verkoop en vir hulle pa bedrieg; Josef het kat-en-muis met hulle gespeel.
- In Matt 5:21-26 lees ons Jesus se wens oor versoening. Versoening is so belangrik vir Jesus dat ons nie eers kan kerk toe kom as ons weet dat ons "broer iets teen ons het". Die Bybel praat nie eerstens van iets wat jy teen iemand anders het nie, maar iemand wat iets teen jou het. Ons moet bereid wees om agente vir versoening te wees. Bereid wees om die ekstra myl te stap. Dit is wat Jesus van ons verwag. Dit is ook wat Josef en sy broers gedoen het.

Moontlike vrae

- Hoe tree jy op as iemand emosioneel raak? Wat doen jy as iemand onbedaarlik begin huil?
- Vers 3b getuig van die broers wat bang geword het. Hoekom was hulle bang? Was jy al in so 'n situasie?
- Josef het ervaar dat God hom gestuur het (vv 5 en 8). Waarnatoe stuur die Here vir jou?
- Josef het ervaar dat God 'n plan met sy lewe gehad het (50:20). Watter plan het die Here met jou lewe?
- Sondebelydenis en berou is baie belangrike elemente in 'n versoeningsproses. In Gen 45 lees 'n mens nêrens hieroor nie. Wat het gemaak dat Josef sy broers kon vergewe?
- Bespreek die volgende stelling: "Berou en sondebelydenis bly nog steeds twee belangrike boustene van vergifnis en versoening – al kom dit nie in Gen 45 voor nie".
- Hoe kan ons mekaar help om agente van versoening te wees?
- Bespreek die volgende stelling van Ian Nell: "Families is gewis die ruimte waarbinne ons van ons sterkste emosies beleef en in die besonder waar daar versoening plaasvind, waar verkeerdhede reggestel word, waar mense mekaar vergewe en bereid is om nuut te begin."

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Families is die oefenskool waar ons leer om versoenend teenoor alle mense op te tree. Baie mense is in nood omdat hulle nie versoening beleef nie.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Gen 45:8 of 50:20
- Moontlike vrae wat gevra kan word: (1) Hoekom is broers en susters soms lelik met mekaar? (2) Hoekom dink jy was dit vir Josef maklik om sy broers te vergewe? (3) Moet 'n mens altyd bereid wees om te sê "Ek is jammer" (4) Kan God vir 'n mens help om nie meer vir iemand anders kwaad te wees nie?
- Dramatiseer 'n versoeningsproses: twee kinders wat vir mekaar kwaad is; iemand wat hulle probeer versoen; erkenning van sonde/verkeerde daad; erkenning van die sleg wat ander my aangedoen het; berou en skuldbelydenis; vergifnis; versoening; saam bid en bv handskud.
- Die kinders moet besef dat God vir Josef (die tweede jongste seun van Jakob) op 'n baie spesiale manier gebruik het binne sy verlossingsplan.

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 23 Mei 2010)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- In watter opsig is jy soos jou ouers en waar verskil jy van jou ouers?

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Create in me a clean heart o Lord; Father God; Voor u wet, Heer, staan ons skuldig (Lied 235); Gods wet vra enkel liefde (Lied 250); Heil'ge Jesus wat my lewe (Lied 271).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 104:24-34. Gebruik hierdie woorde as lofgebed.
- Gee heelwat tyd vir skuldbelydenisgebede.

Sake vir voorbidding (sien week van 18 April):

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 23 Mei se se eredienste (die eerste So in ons reeks van 8 oor die boek Rigters).

Lees Rigt 2:1-3:6 (kernverse 2:10-13): 'n Godlose geslag binne een generasie

Agtergrond oor boek en Skrifgedeelte

- Sien volledige stuk oor die agtergrond van Rigters op die gemeente se webwerf (www.nghelder.org.za).

- Die doel van die boek Rigters is waarskynlik om aan te toon watter pyn dit veroorsaak as die mens ongehoorsaam is aan die Here en agter afgode aanloop. Daar is ’n duidelike patroon wat telkens in die boek na vore kom: Ongehoorsaamheid van Israel; God straf dmv die onderdrukking van heidennasies; Israel roep tot God om hulp; God red deur ’n rigter/leier te stuur.
- Die rigtertyd het gestrek van ongeveer 1200-1020 vC, maar die boek is eers finaal ná die tyd van die ballingskap (dws ná 586 vC) deur ’n onbekende skrywer/s opgeteken (vgl Rigt 18:30). Die boek Rigters kan waarskynlik in die volgende hoofdele opgedeel word: Inleiding en tema van die boek (1:1-3:6); Val en opstaan van 12 rigters/leiers (3:7-16:31); Die verhaal van Israel (17:1-21:25).
- Rigt 2:1: Bokim was ’n plek iewers tussen Gilgal en Bet-el, noord van Jerusalem.
- Rigt 2:6-9: Vergelyk hierdie gedeelte met Jos 24:28-31 wat byna woordeliks ooreenstem. Dit dien as skakel met die boek Josua.
- Rigters 2:11-3:6 is as’t ware die model waarop die ander rigterverhale gemoduleer is.
- Rigt 3:5: Hier word die name van talle volke/groepe genoem. Daar was voortdurend konflik met die volke, omdat die Israeliete in dieselfde omgewing moes woon. Daar was ook godsdienstige konflik, omdat die Kanaäniete verskillende afgode gedien het en die Israel vir Jahwe, hulle God.
- Daar is talle verwysings na die ongehoorsaamheid van die volk in Rigt 2:1-3:6: Verdrag gesluit met inwoners van land (2:2); Israeliete dien Baäls (2:11); Dien ander gode en tart die Here (2:12); Here stuur leiers, maar volk luister nie na hulle nie (2:17); Volk is ontrou aan die Here; ongehoorsaam aan die gebooie van die Here (2:17); Volk steur hulle nie aan die verbond nie (2:20); Israeliete trou met die seuns en dogters van die vreemde nasies en dien hulle gode (3:6).

Moontlike vrae

- Wanneer laas het jy uit die boek Rigters gelees? Wat onthou jy daarvan?
- Hoekom is Israel verbied om met die ander nasies te meng? (vgl 2:4)
- Rigt 2:7 getuig dat die Israeliete vir die Here gedien het terwyl Josua geleef het. Vers 10 getuig dat die volgende geslag nié die Here geken het nie. Hoe gebeur dit dat een geslag die Here dien en die volgende nie?
- Wie se skuld is die ongehoorsaamheid?
    - Aanvaar elkeen verantwoordelikheid vir sy eie dade?
    - Of was die vorige geslag werklik ’n voorbeeld van gehoorsaamheid?
    - Of het die versoekinge net te veel geword in die land?
- Dit lyk nié asof die Israeliete uit die verlede geleer het nie. Wat het jy uit die verlede geleer?
- Hoe kan ons mekaar help dat dit nie met ons en ons kinders gebeur nie?

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- ’n Gehoorsame volk is ’n getuienis vir die lewende Here; ’n ongehoorsame volk is geen getuienis nie.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Rigt 2:10
- Vertel vir die kinders die verhaal van Josua en die volk wat die Here gedien het, maar dat hulle ná Josua ongehoorsaam begin word het.
- Moontlike vrae: (1) Waar is jy soos jou ouers en waar verskil jy van jou ouers (hoe jy lyk en wat jy doen); (2) Wat is ongehoorsaamheid? Hoekom word iemand ongehoorsaam (bv ’n kind)? (3) Wat beteken dit as ’n mens sê die persoon is ongehoorsaam aan die Here? Hoe lyk so ’n kind? (4) Wie se skuld is dit as iemand ongehoorsaam word – sy eie skuld of sy ouers se skuld? (5) Hoe kan ons mekaar help om nie ongehoorsaam aan die Here te wees nie?